



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die vierde verslag vanjaar

Politiek

- Die Midde-Ooste is steeds aan die kook en daar is geen einde aan die geweld in Irak of die politieke onsekerheid in die algemeen nie. Die fokus is egter tans verdeeld tussen die probleme in Irak en Iran met die Palestynse probleem wat ietwat aan die agterste speen suig.
- In Afrika bly die politieke spanning en woelinge in veral Somalië en Nigerië op die voorgrond met die Darfoer probleem steeds nie opgelos nie.
- Intussen bly die Zimbabwe probleme stilswyend onopgelos terwyl almal in Suider-Afrika blykbaar weet dat die Zimbabwiërs toegelaat moet word om self hul moeilikheidjies op te los.

Internasionaal

- Daar is tans weer twyfel oor die vermoë van die VSA ekonomie om nie te wankel en in 'n resessie te beland nie. Die risiko's wentel steeds om die eiendomsmark en die impak wat dit op die res van die ekonomie sal hê. Dit kan die bestedingsvermoë van die verbruiker nadelig raak en die finansiële sektor in die moeilikheid laat beland. Nogtans dui die jongste vooruitskattings daarop dat die VSA ekonomie vanjaar 'n reële groeikoers van sowat 2.3% kan haal en word steeds ondersteun deur sterk indiensname en voorspoed wat vanuit die aandelebeurs vertoning voortspruit. In Brittanje word 2.6% groei in 2007verwag; in Euroland en Japan 2.3%; in Duitsland 2.2%; en in China 9.8%. Die groei van meer as 11% in die eerste kwartaal in China dui egter daarop dat die owerhede hul keer sal moet ken om groei vanjaar tot minder as 10% te beperk!
- Intussen word verwag dat die gemiddelde inflasie in die VSA vanjaar 2.8% sal wees; in Brittanje 3.1%; in Euroland en Duitsland 1.9%; in Japan -0.2% en in China 3.3%.
- Die jongste aanduidings is dat VSA korttermynrentekoerse stabiel sal wees tot minstens in die derde kwartaal. Indien die ekonomie sterk sou verlangsaam in komende maande kan hierdie rentekoerse wel voor die einde van die jaar daal. Intussen het die risiko dat VK en Euroland korttermynrentekoerse verder sal styg toegeneem, terwyl Japanse koerse onveranderd sal bly tot die einde van die jaar. Indien die Chinese owerhede investering en algemene ekonomiese aktiwiteite wil beperk om te voorkom dat inflasie 'n toekomstige probleem word, word dit al hoe meer moontlik dat korttermynrentekoerse verder sal moet styg.
- In die VSA en Japan bly langtermynrentekoerse stabiel, maar het die afgelope tyd in die VK gestyg weens die vrese dat inflasie hier kan versnel. In Euroland styg hierdie koerse in samehang met die verwagte verdere styging in korttermynrentekoerse.
- Algemene kommoditeitspryse vind steeds ondersteuning van die sterk groei wat veral in die Chinese ekonomie ervaar word. Verder word hierdie pryse ondersteun deur die voortgesette hoë vlakke van likiditeit in internasionale markte wat veral gekoppel word aan die lae vlak van Japanse korttermynrentekoerse. Hierdie situasie kan steeds tot die einde van die jaar voortduur.
- Die goudprys word ondersteun deur die voortgesette hoë vlak van likiditeit in die wêreldmarkte. In die algemeen word 'n sterk vertoning van die goudprys verwag solank die dollar verswak teenoor



ander geldeenhede en likiditeit voortduur. Sommige kommentators verwag steeds dat die goudprys in die res van die jaar baie goed moet vertoon teenoor die algemeen verswakkende dollar.

- Die olieprys is die afgelope weke ondersteun deur die politieke onrustigheid in die Midde-Ooste – veral in Iran – asook in Nigerië. Die voorneme van die president van Venezuela om die oliebronne in sy land te nasionaliseer en so van buitelandse kapitaal en kundigheid ontslae te raak, kan die vermoë van die land om olie te produseer in die wiele ry en die olieprys in die algemeen ondersteun. Die jongste aanduidings is dat olie in komende maande op vlakke van \$60/vat of meer sal verhandel gegewe die ekonomiese groei en likiditeit wat verwag word.
- Aandelebeurse word wêreldwyd steeds ondersteun deur die voortgesette goeie winssyfers wat deur maatskappye bekend gemaak word, grootskaalse oornames en hoë likiditeitsvlakke.

Plaaslik

- Die plaaslike ekonomie word steeds ondersteun deur sterk verbruiksbesteding, maar word ook al hoe meer gestimuleer deur die bestedingsprogramme van die openbare sektor wat aan die gang kom en indiensneming wat hieruit voortvloei. Soos hierdie programme aan die gang kom, sal dit 'n al hoe groter rol speel. Verdragings kan wel voorkom weens die gebrek aan kundiges om uitvoering te gee aan die programme. Die aanduidings is dat die besteding deur die openbare sektor tot minstens 2012 aan die gang sal wees. Eskom is van voorneme om R150 miljard in die periode tot 2012 te bestee en dit beteken dat hulle in hierdie tydperk wat reeds nou in April 2007 'n aanvang geneem het R2.5 miljard/maand sal moet bestee. (Ek weet dat ons die vermoë het om baie geld binne 'n ommesientjie uit te gee, maar ek vermoed dat dit tog baie gevra is van Eskom om so baie geld per maand te bestee.)
- Die bogenoemde besteding sal meebring dat die tekorte op die handels- en lopenderekeninge van die betalingsbalans in die res van die jaar en dekade groot sal wees. Indien besteding nie onder beheer gebring word nie, sal hierdie tekorte al hoe groter word. Die tekort op die lopenderekening word tans deur die invloei van buitelandse kapitaal finansier en solank die internasionale likiditeit op hoë vlakke bly, plaaslike maatskappye goeie winste verklaar en internasionale kommoditeitspryse goed vertoon, behoort hierdie invloei voort te duur. Solank die buiteland bereid is om ons te finansier, sal ons in staat wees om bokant ons produksievermoë te leef. Die betalingsbalansrisiko neem egter toe en die sentrale bank sal dit in gedagte moet hou.
- Die sentrale owerheidsbegroting sal gegewe die voortgesette sterk groei van die ekonomie steeds surplusse vertoon – selfs al word hoër as beplande salaris-aanpassings toegestaan. Provinsiale owerhede se finansies bly onder beheer, maar plaaslike owerhede se finansiële probleme is steeds aan die toeneem sonder dat daar enige vooruitsig is dit noemenswaardig aangespreek sal word. Kundigheid bly 'n ernstige probleem op alle vlakke van die owerheidsektor.
- Inflasie bly binne die mikpunte van die sentrale bank. Aanduidings is egter dat die druk steeds aan die toeneem is met die Maart produksieprysindeks bokant 10%. Die risiko vir hoër inflasie word gekoppel aan die styging van voedsel- en energiepryse, salaris- en loonaanpassings wat hoër is as inflasie, sterk verbruiks- en owerheidsbesteding en kredietskepping. 'n Sterk vertoning van die rand teenoor alle geldeenhede kan ingevoerde inflasie wel beperk. My bekommernis is dat die hoë vlak van besteding wat in die res van die dekade beplan word, kan meebring dat inflasie in hierdie periode op 'n hoër as verwagte vlak kan wees.



- Die grootste uitdaging in komende jare sal wees om in die behoefte aan geskoolde en kundige persone te voorsien. Die formele onderwysinstansies sal beswaarlik in hierdie behoeftes kan voorsien en dit sal al hoe meer deur die privaatsektor aangevul moet word. Die tekorte aan opgeleide persone kan die voorgenome besteding deur die openbare sektor in die wiele ry en terselfdertyd opwaartse druk op pryse in die algemeen plaas.
- Die sentrale bank het my weer eens verras deur rentekoerse nie in April te verhoog nie en eintlik die boodskap te gee dat alles in die plaaslike ekonomie onder beheer is – niteenstaande die voortgesette sterk groei in kredietskepping en geldvoorraad. Dit sal vir my 'n nog groter verrassing wees indien korttermynrentekoerse nie in die res van die jaar enigsins verhoog word nie.
- Langtermynrentekoerse word steeds beïnvloed deur die begrotingsurplus van die sentrale regering. Hierdie rentekoerse kan hoër neig indien inflasie 'n groter probleem word, maar sal andersins eerder sywaarts beweeg.
- Die aandelebeurs word ondersteun deur die sterk plaaslike ekonomiese groei, hoër mate van plaaslike en internasionale likiditeit, goeie maatskappyresultate, sterk kommoditeitspryse en sterk invloed van buitelandse kapitaal.
- Die rand vertoon sterk teenoor die algemeen swak dollar.

Beleggingsomgewing

- Die aanduidings is dat korttermynrentekoerse in die VSA sywaarts sal beweeg tot minstens die derde kwartaal van 2007. Daarteenoor word verwag dat VK en Euroland korttermynrentekoerse verder verhoog sal word. Daardeur sal die gaping tussen VK en VSA rentekoerse vergroot en tussen Euroland en VSA koerse vernou word. Intussen is die aanduiding dat Japanse korttermynrentekoerse tot die einde van die jaar stabiel kan bly. Die lande met groot surplusse soos die olieprodusente en China sal in hierdie periode na die beste opbrengs vir hul beleggings soek.
- Weens die rentekoersgapings en verwagte –bewegings in die res van die jaar, is die dollar tans in onguns by beleggers en spekulante. Daarom vertoon sterling en die euro baie sterk teenoor die dollar en die jen en kan hierdie geldeenhede verder versterk in komende weke. Die euro vertoon tans sterk teenoor alle geldeenhede en die tendens kan die uitvoergroei vanaf Euroland in komende maande in die wiele ry. Dit kan ekonomiese groei en indiensneming in die langer termyn benadeel.
- Die aandelebeurse van die wêreld vertoon steeds sterk weens die goeie en verwagte goeie maatskappyresultate. Die goeie vertoning van aandeelpryse word verder ondersteun deur die hoër vlak van internasionale likiditeit. (Dit geld ook internasionale kommoditeitspryse.) Gegewe die verwagte tendens van Japanse rentekoerse sal hierdie tendense nie spoedig verander nie.
- Die plaaslike ekonomie word ondersteun deur sterk besteding wat sal voortduur in die afwesigheid van enige skerp rentekoers stygings. Die onlangse optrede van die sentrale bank dui nie op enige skerp rentekoersverhogings in die nabye toekoms nie.
- Die sterk vertoning van die ekonomie sal plaaslike aandeelpryse verder ondersteun.
- Ek is steeds van mening dat plaaslike korttermynrentekoerse verhoog moet word om die oormatige binnelandse besteding te demp en verbruik en produksie in groter balans te bring. Ons sal egter tot Junie moet wag om te sien of daar enige voorneme by die sentrale bank is om rentekoerse te verander.



- Die aanduidings is dat die invloed van buitelandse kapitaal voortgesit sal word in die voorsienbare toekoms en dat die rand daarom sterk sal wees teenoor 'n algemeen swakker dollar.

Ulrich Joubert - 1 Mei 2007